

Die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.

ds. PJ Kriel

Roudiens van Charl du Plessis

22.05.2017

Inhoud Hierdie preek wys op die kontras tussen die mens se breekbaarheid en God wat sy kinders heel hou in hulle breekbaarheid binne die geweld van hierdie wêreld. Niks in die mens, nie sy liggaam, siel of gees is onbreekbaar nie. God belê sy liefde as Vader in ons menslike breekbaarheid. Dit doen Hy deur ons te laat deel in die sterwe en lewe van Christus as mens in die hemel vandag. Daarom hanteer God ons met die sorgsaamheid waarmee 'n besigheidsman die kleipotte wat sy kosbare lewensmiddele binne in hou, sorgsaam hanteer. Hy sorg dat die skat wat Hy in ons belê het, sy liefde vir ons, vir Hom ewig behoue bly. Daarom is dit Hy wat ons nie laat vaspen wanneer ons verdruk word nie, wat ons nie sonder raad los wanneer ons radeloos is en ons nie laat vernietig word wanneer ons val nie, ook nie deur die dood nie. Met sy krag as God wat alle ander kragte oortref, versorg en bewaar Hy ons om sy belegging van liefde in ons vir Hom self ewig te behou.

Skriflesing 2 Korintiërs 4: 7- 5: 10

Teks en tema: 2 Kor. 4:7

“Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.”

1. Oom Charl se dood as eggenoot, pa, oupa, en vriend is vir ons weer eens 'n getuigenis van wat Paulus in hierdie beeld stel.

Ons is maar kleipotte wat maklik breek!

Dit het ons in sy broosheid die laaste paar weke gesien maar dit het ons ook weer in ons eie broosheid en kwesbaarheid gesien. Ook die manier waarop oom Charl eintlik teen verwagting in dood is, het net weer hierdie werklikheid in elkeen van ons se eie lewe tuisgebring – ons is maar kleipotte wat maklik breek.

2. Die kleipotte waarna Paulus hier na verwys is die Romeinse gebakte kleihouers, baie soos die tradisionele Vendapotte hier in ons omgewing. Dit is nie soos die duursame en geglasuurde erdewerk wat ons vandag ken nie.

Met hierdie beeld kondig Paulus aan dat ons hele menswees na liggaam, siel en gees is net so breekbaar soos hierdie tipe kleipotte.

Dit is die belangrike openbaring oor ons menswees: gelowiges weet dat niks in ons menswees is nie breekbaar nie.

Nie ons liggaam nie!

Die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.

Ons kan kragtig as mens leef en werk, nuwe produkte skep wat nog nooit voorheen bestaan het nie, huise bou en bewoon, ekonomieë skep en bestuur maar net een swak plek in ons liggaam, net één aar, net één senudraad, net een orgaan wat net eenkeer nie reg werk nie is genoeg dat ons die lewe liggaamlik verloor.

Nie ons siel nie!

Dit is nie so dat ons in ons lewe verskans is in die krag van ons gedagte- en gevoelswêreld nie. Geen gevoel of gedagte is so sterk dat dit ons teen enige breekbaarheid kan staal nie. Dit is juis in ons gevoelens en gedagtes dat ons as mense só afgebreek en geknak word dat ons nie meer die lewe kan aanvoel of raaksien nie.

Ons is ook nie in ons gees onbreekbaar nie.

3. Dit is die besondere van Paulus se aankondiging oor die breekbaarheid van ons menswees teenoor die kragtigheid wat die mens glo in sy gees opgesluit lê.

Die goddelose mens glo in die krag van sy eie gees: deur die kunswerke, die tegniese-skeppings, die kultuurskatte wat die mens in en deur sy gees tot stand bring, glo mense hulle gees is onsterflik en onbreekbaar.

Geestelike mense glo weer hulle eie gees is goddelik, en so deel van God se eie wese, dat hulle in hulle eie gees 'n onuitputbare bron van goddelike krag sien, verhewe bo enige menslike breekbaarheid.

Hierdie geloof in die onbreekbaarheid van die gees van die mens vind ons nie in die Woord van God nie. Ook in sy gees raak die mens só geknak, só gekwel, só gekneus dat mense geestelik breek.

4. Dit is veral met die dood en in die dood dat ons hierdie kwesbaarheid deurleef. Die dood breek ons na liggaam, siel en gees, want is ons nie meer mens na liggaam, siel en gees nie. Die dood skeur dit uit mekaar.

Dit is die mag van die dood: dit maak alles wat ons na liggaam, siel en gees vir mekaar in hierdie wêreld is, in hierdie wêreld net herinneringe van die verlede in die gedagtes en gevoelens van mense.

Die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.

5. In een sin stel Paulus tegelykertyd die breekbaarheid en die onbreekbaarheid van die mens aan die orde. Die onbreekbaarheid van die mens in hierdie vers is 'n totaal ander tipe onbreekbaarheid as wat mense van hulle self opmaak en glo. Teenoor hierdie breekbaarheid van ons menslikheid stel hy dat die krag wat alles oortref wat breekbaar is, kom van God af.

Ons is nie onbreekbaar gemaak nie, maar God se liefde en sorg hou ons heel teen alles wat ons so maklik as mense in hierdie wêreld kan breek. God hou ons wat breekbaar is vir Homself onbreekbaar. Met hierdie openbaring oor God wys Paulus dat ons in God se hande is en Hy ons as God so hanteer dat Hy ons nie in ons broosheid laat breek nie.

God is die persoon wat die mens so hanteer dat Hy deur die krag van sy goddelikheid die mens heel hou in alles wat die mens so maklik kan breek – dit is wat die sin: “die krag wat alles oortref, kom dus van God af, nie van ons nie”, oor God aan ons bekend maak.

Dit is 'n krag waarin ons deel en waaruit ons leef wat nié breekbaar is nie.

6. Hoekom hanteer God ons so dat Hy ons nie deur die geweld van hierdie wêreld laat breek nie?

Dit gaan oor die kosbaarheid van God se belegging in ons as Christene. God het “die lewe van Christus” in ons belê.

Wat is hierdie: “lewe van Christus”, wat so kosbaar vir God is dat Hy ons sorgsaam teen alles wat ons kan breek versorg en bewaar?

Ons mag nie Christus geestelik misbruik om in ons eie onbreekbaarheid te glo nie. Ons mag nie maak asof Jesus as mens en in sy mensheid onbreekbaar was nie. Baie geestelikes probeer dit doen deur voor te gee dat Jesus in Homself 'n goddelike krag en mag gehad het wat Hom as mens onbreekbaar gemaak het, en dat ons ons nou ook daardie goddelike krag en mag in onself deur Hom moet kry sodat ons as mense onbreekbaar kan word.

Dit is 'n dwaling. Jesus was as mens net so breekbaar soos ons, ook breekbaar na liggaam, siel en gees. Meer nog, die hele evangelie gaan juis daaroor dat God Jesus in alles wat Hy as mens is, gebreek het.

Die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.

Jesus is deur God die Vader in sy menswees na liggaam, siel en gees gebreek.

Hy is as mens heeltemal gebreek gewees deur God die Vader: in Jesus se woorde aan die kruis, my God, my God waarom het u my verlaat, breek Christus as mens na liggaam, siel en gees heeltemal stukkend.

God breek Christus as veroordeelde en skuldige sondaar in ons plek.

7. Die lewe van Christus as mens , wat Hy as Here vandag met ons deel, is die lewe wat die Vader weer aan Jesus gegee het deur Hom uit die dood op te wek en vir ewig as mens te lewe in die liefde en guns van God die Vader: lewend as mens na liggaam, siel en gees.

Dit is hierdie lewe wat Christus vandag as mens leef, volkome en heel mens in die guns en liefde van God, vry van enige straf en oordeel van God, waarin ons as gelowiges deel.

Dit is die lewe waarin ons deel wat Paulus so opsom: ¹⁰Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam, sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam.

Dit is die belegging wat God in ons as Christene gemaak het: Hy sluit ons in en laat ons deel in die dood en lewe van Christus. Ons deel in Christus se dood waar Hy as mens vir al ons sondes in elke deel van sy menswees gebreek is, sodat God ons nooit vir enige sonde wat ons doen ooit sal laat breek nie.

Ons deel in die lewe wat Christus vandag as mens leef sodat ons in alles wat God oor ons lewe bring altyd deel in die liefde, die guns en die goedheid van God as ons Vader. God het sy liefde in ons belê deur ons in te sluit in Christus se lewe en dood.

8. Wat is die geheimenis van kleipotte wat maklik kan breek, maar nie breek nie?

Dit is die kosbare skat wat hulle in hulle geberg word. Die skat wat hulle berg, olie, graan en wyn, maak dat hul eienaar sorgsaam waak dat hierdie kleipotte so hanteer word dat hulle nooit mag breek nie.

Ons mag dit nooit so sien dat die skat wat die potte hou, die potte verander van breekbare klei na onbreekbare staalpotte nie. Die skat in die potte verander niks aan die breekbaarheid van die kleipotte nie.

Die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.

Dit gaan oor die Een wat die kleipotte hanteer! Die krag van die Een wat die potte so versigtig hanteer dat Hy sorg dat hulle nie breek nie.

Hoe so?

Want dit gaan oor die kosbaarheid wat hierdie potte in hulle het: graan en wyn. En dit is oor die kosbaarheid van die graan en wyn in hulle dat hulle gebruik word maar altyd so versigtig dat die skat in hulle nie verlore gaan nie.

9. Dit is die geheimenis van hoe ons in al ons breekbaarheid heel bly: want God het sy liefde as Here en Vader in ons belê. Hy het ons ingesluit en laat deel ons in die lewe van Christus deel, sy lewe as mens in die guns, liefde, goedheid en trou van God die Vader, sonder enige skuld, oordeel en vloek vir ons sonde.

Met die krag van God wat alle geweld teen ons oortref beskerm en bewaak Hy ons vir die liefde wat Hy in ons belê het. Hanteer God ons altyd met die versigtigheid dat ons nie breek nie. Hy hanteer ons altyd met die sorg dat die kosbaarheid van die lewe wat ons met Christus deel, nie verlore gaan nie.

Kom ons vergelyk dit met ouers en kinders?

Hoekom doen ons as ouers en grootouers alles in ons vermoë om ons kinders heel te laat bly en heel te kan leef? Want in hulle belê ons hierdie skat – ons liefde. Hulle moet altyd vir ons liefde behoue bly.

10. Wat beteken dit vir ons as mens dat God sy liefde in en deur Christus in ons belê het as sy kosbare skat wat Hy vir Homself behou?

Dit beteken dat ons deur en met al ons breekbaarheid vir God behoue bly omdat Hy ons so versigtig hanteer terwyl Hy ons gebruik as houers – houers waarin Hy sy liefde vir Homself opgeberg het.

As dit God self is wat ons so versigtig hanteer dat ons nie die skat wat ons in ons dra moet verlore laat raak nie, dan kan en sal ons mos nooit gebreek word, ten spyte van ons breekbaarheid nie: want God self hanteer ons volgens die skat van die lewe van Christus wat ons deel in ons.

Die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.

Hy sal ons nooit breek soos Hy Christus na liggaam, siel en gees gebreek het nie.

11. Dit is die ontdekking wat Paulus in Christus maak: ek is baie meer as my eie breekbaarheid en swakheid: want ek dra 'n skat in my, die lewe wat Christus met my deel, wat maak dat God my as houer gebruik maar terselfde tyd sorg dat ek nie gebreek word ter wille van die skat wat in my is nie.

Ons moet weet hoe swaar werk het hierdie kleipotte gedoen, hulle is op skouers heen en weer gedra, op bote gelaai, in storms het hulle heen en weer gerol en teen mekaar gestamp – maar die eienaars het hulle altyd met al hierdie swaar werk so opgepas dat die skat in hulle nie verlore raak nie.

Daarom verdruk in swaarkry van werk, maar die Eienaar hanteer met sorg dat nie terneergedruk is nie;

Daarom vervolg in swaarkry van diens – maar nooit God verlate nie

Daarom neergegooi in storms – maar in sorg van Eienaar wat sy skat bewaar, nooit vernietig nie.

12. Dit moet u as familie vandag ook in die lewe van oom Charl en u self ontdek: kleipotte wat maklik breek, maar wat deur God met die sorg hanteer word dat die skat wat ons dra, die lewe in en met Christus, nie verlore raak en ons daarom behoue bly as kleipotte.

Wanneer u na ook Charl en sy lewe kyk sal u net 'n kleipot sien met al sy swakheid en breekbaarheid!

Daar was niks in oom Charl wat van 'n kragdadigheid getuig het wat hy vir homself geglo en uitgeleef het nie. Nie in sy woord nie en nie in sy optredes nie. In niks het hy die beeld van onbreekbaarheid uitgestraal nie.

Dit is eintlik die teendeel. Hy het gewys hoe kwesbaar en broos die mens is teen die geweld van die wêreld. Vir hierdie kwesbaarheid en broosheid word mense vandag maklik geminag. Want jy moet jouself vandag teen die magtiges en kragdadiges bewys om respek en 'n plek in die wêreld te verdien.

Die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.

13. Waarvoor moet 'n mens respek en waardering hê as jy in 'n persoon soos oom Charl menslik kwesbaarheid en broosheid raaksien?

Vir die belegging wat God in hom gemaak het!

Wat moet jy raaksien as jy na God se kleipotte kyk? Jy moet nie die uiterlike sigbare sien nie, want dit verweer en is besig om te vergaan. Jy moet die on sienlike kan raaksien. Jy moet die skat sien wat God in hulle belê. Net soos wat jy die kosbare inhoud van kleipotte ontdek – draers van die lewensmiddele wat die mens se lewe voed en verkwik,

Wanneer u kyk na die skat in hom, die liefde van God wat Hy as God in hom belê het deur hom in te sluit en te laat deel in die lewe en sterwe van Christus, dan sal U sien hoe God gesorg het, bewaar het beskerm het en altyd so versigtig hanteer het dat terwyl God hom vir al die swaar en moeilike werk wat moes doen gegee het, het God hom so versigtig hanteer dat hy altyd vir God se liefde behoue was.

Want dan sien jy dit ook in hom en sy lewe waarvan Paulus oor sy eie lewe kon getuig:

ek is verdruk, maar nie terneergedruk nie,
ek is oor raad verleë, maar nie radeloos nie,
ek word vervolg maar nie van God verlaat nie,
ek word op die grond gegooi, maar nie vernietig nie.

14. En nou? Nou dat hy gesterf het?

Het God die kleipot gebreek? Het God hom opgebruik en stukkend gebruik en nou is hy stukkend weggegooi?

Dit kan maklik so lyk as u na sy liggaam kyk, gebreek! Maar deel hy nie meer in die skat nie, in die lewe van Christus nie? Het God se belegging om sy liefde as Vader in hom te belê vir God nou verlore geraak?

Nou dat sy liggaam en gees uitmekaar geskeur is, en sy liggaam leweloos is, het hierdie skat nou in hom verlore geraak? Al die liefde wat God vir al die jare in hom belê het?

Daarom het die Here vir oom Charl se wie tentwoning nou hier op aarde afgebreek is, nou ingesluit in 'n vaste gebou in die hemel – die woning

Die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.

wat God maak en nie mense en daarom vir ewig bestaan. Ewig sodat God se belegging om sy liefde in ons te belê vir God ewig behoue is.

Neergegooi maar nie vernietig nie! Hy deel nog steeds in die lewe van Christus, en daarom sal God hom ook in die dood met dieselfde sorg hanteer waarmee Hy hom sy hele lewe mee hanteer het. Hy kan nie deur die dood, hierdie skat in hom verloor nie: om te deel in die lewe van Christus.

15. U moet dit ook vir uself ontdek!

Wanner u na uself in u eie rou en verlies kyk met oom Charl se dood, is al wat ons sien, dat ons kleipotte is wat maklik deur iets soos hierdie dood kan breek.

Maar dit is nie al wat u mag sien nie. Ons deel in die lewe van lewe van Christus: dit is die skat in ons! En daarom weet ons dat in hierdie en alle ander swaarkry sal God ons met die sorg en versigtigheid hanteer om hierdie skat vir Hom en ons behoue te laat bly: ons lewe met Christus.

U homself en die skat in hom kan raaksien, kan die swaarkry en die God wat ons gebruik en versorg in hierdie swaarkry raaksien.

Anders gaan ons dink ons is vernietig as ons neergegooi word, al is dit nie waar nie; gaan ons voel ons is terneergedruk as ons verdruk word, al is dit nie waar nie; en gaan ons glo ons is godverlate as ons vervolg word al is dit nie waar nie.

Kom ons sien onself in alles vir wat ons is, kleipotte wat maklik breek. Maar kom ons sien ook hoe sorgsaam God ons hanteer in alle uitdagings omdat ons die skat van die lewe met Christus deel!

God sal nooit die liefde wat Hy as Vader in ons belê het deur ons in te sluit in die sterwe en lewe van Christus in te sluit, vir ewig laat verlore gaan nie.

Omdat die krag wat alle breekbaarheid oortref nie uit onself kom nie, maar van God wat sy liefde in ons belê het, word ons nie moedeloos nie, al is ons uiterlik besig om te vergaan.

Ons leef nooit met die kragdadigheid van ons eie onbreekbaarheid nie!

Die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.

In ons breekbaarheid leef ons met en vir Hom wat met sy krag wat alles oortref ons vir sy liefde behoue laat bly!